00111011100
11010110
01101
10
PROPERDATA
Professionele Persoonlike Programmeringsdienste

# Winfin 2014

September 2013

Geagte Winfin gebruiker

Dit is reeds 13 jaar sedert die eerste Winfin program in Augustus 2000 verkoop is. Met die uitsondering van regstellings en enkele aanpassings en uitbreidings het Winfin sedertdien onveranderd betroubare diens aan honderde gebruikers gelewer.

Hoewel die huidige weergawe van Winfin nog steeds op al die Windows platforms sedert Windows 95 werk, begin enkele kliënte wel aanpasbaarheids probleme ondervind. Vir die laaste aantal jare is daar reeds ontwikkel aan ‘n nuwe weergawe van Winfin en dit is al vir ‘n geruime tyd by enkele kliënte in gebruik. Die nuwe program is getoets op Windows XP, Vista, 7, 8 en ook op verskeie Windows Server weergawes. Dit werk ook op beide die 32-bit en 64-bit Windows weergawes.

Die vernaamste aanpassings is as volg:

- Programontwikkeling is op ‘n nuwe platform gedoen wat aanpas by alle nuwe Windows weergawes.
- Bank- en krediteure state kan ingetrek word vir tydbesparing en akkuraatheid.
- ‘n Nuwe beheerskerm waar alle rekening tipes gesien kan word en transaksies, verslae en grafieke onmiddelik aangevra kan word is bygevoeg.
- Verslae kan direk as PDF dokumente gedruk word vir verspreiding en besparing van papier.
- Verslae kan direk uit die program per e-pos gestuur word, bv. aan rekenmeesters of banke.
- Die meeste verslae kan na CSV formaat geskryf word vir opname in ander programme soos Excel waarmee eie analises gedoen kan word.
- Die voorkoms en groottes van skerms is gestandaardiseer met verskeie visuele verbeteringe om leesbaarheid te verhoog.
- Debiteure en Krediteure betalings kan aan fakture toegedeel word sodat rekeningstate en betaaladviese ‘n lys van onbetaalde fakture kan toon.
- Meer as een sekuriteitspesifikasie kan nou opgestel word vir die stoor van data na geheue-stokkies, eksterne skywe, netwerke en internet stoorspasie.
- Data kan uitgeskryf word in Caseware formaat. Dit is ‘n program wat deur baie rekenmeesters gebruik word om jaarlikse state op te stel en kan tyd en rekenmeesterkoste bespaar.
- Die aanteken- en toegangsbeheerstelsel is verbeter en kan opgestel word om te bepaal watter funksies elke gebruiker mag uitvoer en watter verslae toeganklik sal wees ten einde vertroulike inligting te beskerm.
- Die plek waar die Winfin program en data gelaai word kan nou volgens die nuutste Windows voorskrifte opgestel word.
- Data van die vorige Winfin weergawe word volledig omgeskakel met die nodige integriteitstoetse en sekuriteit.
- ‘n Nuwe registrasiestelsel is in werking om ongemagtigde gebruik van Winfin te voorkom.

Posbus 1462, Plettenbergbaai, 6600
Tel: (044) 533 3251
E-pos: helgard@properdata.co.za
PROPERDATA CC - 1987/017079/23
Lid: H. Scholtz

## Hoe om die opgradering te bekom

- Maak 'n nota van die bestaande Winfin program se serienommer.
  Gaan in Winfin en kies Help en Inligting, bv.




- Laai die opgradering af by www.winfin.co.za
  LW. Daar is twee weergawes om uit te kies, sien die bespreking op die webwerf om te bepaal watter weergawe in u geval gepas is.

- Installeer die opgradering, dws RUN die program hierbo afgelaai.

- Doen die betaling en verskaf die ou program se serienommer as 'n verwysing. Sien die prys- en bankbesonderhede hierna.

- Registreer Winfin: Hou die ou serienommer byderhand en skakel (044) 533 3251 vanaf 09:00 tot 17:00 op weeksdae.

- Dit mag in sommige gevalle nodig wees om van die datastelle weer te registreer. Dit sal voorkom waar die volle naam langer as 35 karakters is.

## Prys

| | |
|---|---|
| Opgradering van Winfin 2000 na Winfin 2014 | R 1,500.00 |
| Jaarlikse lisensiefooi vir een gebruiker * | R 1,315.79 |
| Subtotaal | R 2,815.79 |
| BTW | R 394.21 |
| **Totaal** | **R 3,210.00** |

* Indien meer as een persoon gelyktydig met Winfin werk, is daar 'n bykomende R 500 (R438.60 + BTW) per gebruiker betaalbaar

Posbus 1462, Plettenbergbaai, 6600
Tel: (044) 533 3251
E-pos: helgard@properdata.co.za

PROPERDATA CC - 1987/017079/23
Lid: H. Scholtz

## Bankbesonderhede

| | |
|---|---|
| Bank | Standard Bank, Plettenbergbaai |
| Takkode | 051 001 vir internetbetalings |
| Rekeningnommer | 08 259 602 6 |
| Rekeninghouer | Properdata BK |

## Lisensiefooi

Soos in die inleiding genoem is Winfin reeds 13 jaar in gebruik. Met uitsondering van gebruikers wat spesiale veranderings aangevra het, was alle opgraderings en ondersteuning gedurende die tydperk gratis.

Dit het 'n onvolhoubare situasie geskep en is deels verantwoordelik dat Properdata nie tyd en bronne aan die voortdurende opgradering van die program kon toewys nie.

Die lisensie moet jaarliks hernu word ten einde ononderbroke gebruik van Winfin te verseker.

As gelisensieerde gebruiker sal u vir die volgende jaar alle opgraderings en regstellings sonder ekstra koste ontvang sowel as tegniese ondersteuning in die geval van probleme. Die hef van 'n jaarlikse lisensiefooi is die enigste manier om die langtermyn voortbestaan van Winfin te verseker en Properdata in die posisie te plaas om deurlopend verbeterings aan te bring.

Die ondersteuningsdienste word in samewerking met IIQ Konsultante van Bloemfontein gelewer en hul kontakbesonderhede is op ons webwerf beskikbaar.

Kontak my gerus vir enige navrae oor hierdie aanbod.

Groete

Helgard Scholtz